Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 125/04

Datum gelewer: 2004-11-01

In die appél van:

**JACOBUS JOHANNES GNÄDE** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant het tereggestaan in die landdroshof op twee aanklagte, te wete aanranding en *crimen iniuria*. Hy is na 'n verhoor skuldig bevind op beide aanklagte en gevonnis op die aanrandingsklagte tot R600 of 90 dae gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is vir vier jaar en op die aanklag van *crimen iniuria* tot R1500 of 150 dae gevangenisstraf wat eweneens voorwaardelik vir vier jaar opgeskort is. Die appellant kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding op beide die voormelde aanklagte.

2. Op die aanklag van aanranding is van Staatsweë beweer dat die appellant op 27 Julie 2003 wederregtelik en opsetlik vir die klaer, Samuel Gzima, aangerand het deur hom te spuit met traangas. Op die *crimen iniuria* aanklag het die Staat beweer dat op dieselfde datum die appellant

wederregtelik en opsetlik aan die klaer, Vuyisile Williams, gesÍ het dat hy 'n kaffer is met die opset om die klaer in sy eer en waardigheid aan te tas en waardeur die klaer se eer en waardigheid aldus aangetas is.

3. Die appellant was regsverteenwoordig deur 'n prokureur en is voorgehou namens hom tydens pleitverduideliking dat op die aanrandingsklagte die verweer een van noodweer is omdat die klaer op 'n dreigende wyse op die appellant afgestorm het en dat hy genoodsaak was om ter selfverdediging met traangas na die klaer te spuit. Op die *crimen iniuria* aanklag was die appellant se verweer op rekord geplaas dat daar 'n oor-en-weer gevloekery tussen hom en die klaer aldaar was. Hy het hom ook beroep op die verweer van sogenaamde kompensasie.

4. Beide die klaers het getuienis gelewer tydens die Staat se

saak. Dit blyk dat die klaers saam op die betrokke dag aangedoen het by die appellant se besigheidsperseel, met die naam van "*Koos se plek*" te Van der Kloof. Volgens die getuie, Mnr. Gzima, het hy nadat hy betaal het vir sy aankope opgemerk dat Mnr. Williams buitekant hardop lees wat die kafee se naam is, te wete *Koos se plek*. Die appellant het toe vir die klaer, Mnr. Williams gesÍ: "*Ja, kaffer.*" Mnr. Gzima het toe, volgens sy getuienis, vir die appellant gevra waarom het hy nou só gereageer op dit wat Williams buite gelees het. Volgens hom het die appellant toe vir hom gevra: "*Soek jy dit?*" en het hom toe met traangas in die oë gespuit. Hy en Williams is daar weg en hulle het albei klagtes by die polisiestasie gaan lÍ.

5. Mnr. Williams, die klaer op die *crimen iniuria* aanklag, het

hierdie getuienis van Mnr. Gzima in breë trekke bevestig. Hy het getuig dat alhoewel hy trots voel daarop om ‘n swart man te wees, hy gekrenk gevoel het deur die toevoeging van die gewraakte woorde deur die appellant. Dit is na my mening nie nodig om in groot besonderhede te handel met Mnr. Williams se getuienis nie, aangesien dit uiteindelik gemene saak geword het tydens die verhoor dat die appellant wel dié woorde teenoor die klaer gebesig het, alhoewel hy beweer dit in ‘n ander konteks gesÍ was.

6. Die appellant het self getuig en het bevestig dat die klaer Mnr. Gzima sekere aankope gedoen het terwyl sy twee vriende, insluitende die klaer op die ander klagte, Mnr. Williams, binne-in die winkel rondbeweeg het. Volgens die appellant was al drie dié mans uiters luidrugtig. Nadat

Mnr. Gzima betaal het vir die aankope, het Mnr. Williams vir hom (die appellant) gesÍ: "*Dankie, Koos hotnot*". Volgens die appellant het hy hom hieroor bloedig vererg en het hy sondermeer uit woede en frustrasie die klaer, Mnr. Williams, toegesnou met die woorde: "*Ja kaffer*". Hy het verder getuig dat die drie mans uit die winkel beweeg het en het een van hulle (klaarblyklik die klaer, Mnr. Gzima) dadelik teruggedraai met 'n dreigende houding en het die appellant ter selfverdediging traangas in die klaer se oë gespuit. Die appellant het verder getuig dat hy 66 jaar oud is.

7. Namens die verdediging is ook die getuienis voorgehou van Me Dehard. Sy het getuig dat sy op die betrokke dag stilgehou het by die appellant se kafee, want haar kind wou roomys gaan koop. Daar het twee swart mans by die

kafee uitgekom wat gelag en gesels het met mekaar – hulle het glad nie ongelukkig gelyk nie volgens haar. Kort na hulle het 'n langerige swart man ook uitgekom by die kafee. Hierdie man het teruggedraai asof hy weer die kafee wil binne-gaan en haar dogtertjie het onmiddellik daarna uitgekom en gesÍ: "*Oom Koos spuit die man met traangas*". Sy het toe dadelik vertrek van die toneel, aangesien haar dogtertjie allergies is vir gas en dies meer.

8. Namens die appellant het Mnr. Schreuder uitgebreide submissies gemaak in sy betoogshoofde aangaande die meriete van die appél teen skuldigbevinding. Dit gaan grootliks daaroor dat die landdros gefouteer het deur die verkeerde toets toe te pas by die bepaling van die bewyslas wat op die Staat rus, dat die landdros gefouteer

het deur die Staatsgetuies as geloofwaardig te aanvaar en laastens dat die landdros gefouteer het deur die appellant se weergawe as vals bo redelike twyfel te verwerp.

9. Dit is wel so dat die landdros hier gekonfronteer was met twee botsende weergawes, veral ten aansien van die aanrandingsaanklag. Wat betref die skuldigbevinding op *crimen iniuria* het ek alreeds uitgewys dat dit gemene saak was hierin dat die appellant inderdaad die gewraakte woorde aan die klaer toegesnou het. Die enigste geskilpunt is die omstandighede waarin dit geskied het.

10. Ek handel vervolgens eerste met die appél teen die skuldigbevinding op aanranding. Die beperkte bevoegdhede van 'n hof van appél vir soverre dit geloofwaardigheidsbevindinge aanbetref is welbekend en

behoef geen herhaling hierin nie. Die verhoorlanddros was in die baie meer gunstige posisie om self die getuies waar te neem en hulle geloofwaardigheid te bepaal. Daar is na my mening geen aanduiding op die oorkonde dat die geloofwaardigheidsbevindinge wat die landdros gemaak het foutief of aanvegbaar is nie. Verder het die prokureur wat namens die appellant tydens die verhoor verskyn het, groot gewag gemaak van die verskille tussen die Staatsgetuies se *viva voce* getuienis en hul getuieverklarings aan die polisie. Ek is die mening toegedaan dat die verhoorlanddros korrek was in sy bevinding dat dié afwykings nie wesenlik van aard was nie. Ten minste dui dit daarop dat daar nie 'n samespanning was tussen die twee klaers om hul weergawes só aan te pas dat dit presies ooreenstem in die besonderhede daarvan nie.

11. Die landdros het die ongelukkige opmerking gemaak in sy uitspraak dat:

> "*en die getuies gesamentlik geneem, is die Staat se weergawe vir die Hof meer aanvaarbaar en voel die Hof dat die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys het.*"

Mnr. Schreuder het aan die hand gedoen dat hierdie dui op 'n oorwig van waarskynlikhede maatstaf. Dit mag op die oog af so voorkom, maar wanneer die res van die uitspraak oorweeg word, is dit baie duidelik dat die landdros deeglik bewus was van wat die bewysmaatstaf was en het hy die betrokke bewysmaatstaf na my mening korrek toegepas. Van groot belang hierin is dat die weergawe van die appellant dat die klaer op aanklag 1, te wete Mnr. Gzima, 'n dreigende houding ingeneem het en dat die appellant homself toe moes verdedig, direk teenstrydig is met die van sy eie getuie, Mev. Dehard. Op

laasgenoemde se weergawe kan daar geen sprake wees daarvan dat die klaer 'n aggressiewe of dreigende houding kon inneem nie, want hy is met die traangas gespuit nét nadat hy terugbeweeg het in die kafee. Verder is dit hoogs onwaarskynlik dat hierdie selfde aggressiewe aanvaller die hasepad sou kies net nadat hy met traangas gespuit is.

12. Ek is derhalwe die mening toegedaan dat die skuldigbevinding op aanranding regtens in orde is.

13. Wat die *crimen iniuria* aanklag aanbetref, het die appellant toegegee dat hy die gewraakte woorde toegevoeg het aan die klaer. Dit is solank gelede as in 1976 alreeds beslis deur ons howe dat die term "*kaffer*" neerhalend is en dat dit *crimen iniuria* daar sou stel indien dit gebesig word teen 'n ander persoon; sien in die verband:

**Ciliza v Minister of Police and another** 1976(4) SA 243 (N) te 247 C-H.

Sien ook:

**S v Steenberg** 1991(1) SASV 594 (N) te 597 c-d.

Die misdryf van *crimen iniuria* kan ook met *dolus eventualis* as opsetvorm gepleeg word. Sien **S v Steenberg** *supra*, te 597 e-g.

14. Die appellant het sy pleitverduideliking bevestig in sy mondelinge getuienis, naamlik die sogenaamde "*kompensasie*" verweer. Hy het, soos alreeds aangedui, beweer dat die klaer, Mnr. Williams, vir hom gesÍ het:: "*Dankie Koos hotnot*" en het hy hom toe die gewraakte woorde toegevoeg. Ek stem met die verhoorlanddros saam dat dit heeltemal onwaarskynlik is dat die klaer vir die appellant "*hotnot*" sou noem, 'n neerhalende term wat veral in die vorige apartheidsbedeling gebruik is teenoor

sogenaamde kleurlinge ('n aspek wat die appellant toegegee het tydens kruisondervraging), terwyl die appellant 'n blanke man is. Die weergawe soos voorgehou deur die klaer is eerder meer waarskynlik dat hy bloot die naam van die plek gelees het as "*Koos se plek*" en toe die woorde toegesnou is.

15. Ek is derhalwe die mening toegedaan dat die verhoorlanddros die appellant korrek skuldig bevinding het aan *crimen iniuria* op aanklag 2.

16. **Bygevolg word die appellant se appél teen skuldigbevinding afgewys. Die appellant se skuldigbevindings en vonnisse word bekragtig.**

________________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

___________________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| Namens Appellant | : | Adv JJ Schreuder |
| Namens Respondent | : | Adv E Kammies |
| Datum van Uitspraak | : | |